Brahman

NUUSBRIEF NR 4/2013

Geagte Lede

Graag wil ons die volgende besprekings en besluite aan u deurgee na afloop van ons laaste Raadsvergaderings:

1. Ons finansies is gesond. Met goeie finansiële bestuur het ons nie nodig om met ander rasse saam te werk om sodoende besparings teweeg te bring nie. Ons gaan die toekoms in, in ons eie nuwe kantore. Ons verhuur wel kantoorruimte aan die Ayrshires, wat dien as 'n verdere inkomste.

2. Die Raad het 'n komitee aangestel om die opleiding van keurders te doen wat dan gebiedsgebonde, met keurkaarte, keuring op 'n vrywillige basis as eksperiment sal doen. Ons hou u op hoogte.

3. By alle skoue, behalwe Pretoria Skou, moet die skoukomitee en vertoners self hulle beeste weeg en meet. Ons gaan weer skouerhoogtes as alternatief meet. Elke streek sal meetstokke ontvang wat deur Sietze Smit aan elke streek voorsien sal word.

4. **Beoordeling Pretoria Skou:**
Die beoordelaars by Pretoria skou 2013 sal wees:

Rooi beeste:	1.	Llewellyn Labuschagne
	2.	Hennie Jacobs
Wit beeste:	1.	Jaco Marè
	2.	Heinrich Bruwer

5. **Veeverbeteringswet:**
Volgens bogenoemde wet moet elke Genootskap jaarliks vaderskapbepaling doen. Soos voorgeskryf, sal elke duisendste kalf met registrasie getoets word, met ander woorde die kudde waaruit die kalf kom sal tien kalwers genomineer word om ge-DNS te word. Indien daar fout is, sal tien kalwers weer geselekteer word om ge-DNS te word op die telers se koste. Die eerste tien kalwers is vir die Genootskap se koste.

6. **Wêreldkongres**
   (a) Gedenkjoernaal
   Ons herhinner u graag weer daaraan dat 'n Gedenkjoernaal in Februarie 2014 sal verskyn wat vir die Wêreldkongres gebruik gaan word. Die joernaal sal in Engels en Spaans gedruk word.

17TH WORLD BRAHMAN CONGRESS 2014
SOUTHERN AFRICA

BRAHMAN Beestelersgenootskap | Cattle Breeders' Society
Tel: +27 51 444 0172 / 0175 • Fax: +27 51 444 0961 info@brahman.co.za • www.brahman.co.za

(b) Verder wil ons graag weer ‘n beroep op elkeen van u doen om die Wêreldkongres te ondersteun. U bywoning is ‘n noodsaaklikheid. Hierdie is ‘n geleentheid wat baie van ons dalk nooit weer sal hê nie. Onthou daar is 23 lidlande en daar is elke 2de jaar ‘n Wêreldkongres. Dus sal Suid-Afrika eers weer oor 40 jaar so ‘n geleentheid hê.

(c) Ons nooi u uit om asseblief u diere te kom vertoon om dit aan die Wêreld bloot te stel. Maak gebruik van hierdie geleentheid om saam met u Brahmanfamilie en vriende om spesiale oomblikke te kom geniet om sodoende ‘n eenheid te vestig.

7. **DVD’S**

7.1 **Graag lig ons u in dat ons 4 DVD's gaan maak. Die draaiboek is reeds geskryf vir die volgende onderwerpe:**
a. Jongtelers / Beginnerboere
b. Opleidingsinrigtings
c. Gevestigde Brahmantelers

7.2 **Hoe teel en bestuur ons die perfekte Brahman?**

7.3 **Opleidingsvideo/DVD vir opkomende boere (3 tale)**
a. Hoekom Brahman
b. Hoe om Brahmane in te faseer in bestaande boerdery
c. Waar kry hy teelmateriaal
d. Basiese bestuur
e. Basiese toerusting
f. Voeding en lekke
g. Medisyne / siektes
h. Bemarking

7.4 **Die Brahman in Afrika in 'n**
a. Kruisteelprogram.
b. In die voerkraal
c. As moederlyn

Graag verneem ons, of daar telers is wat sou belangstel om sulke DVD's of ‘n gedeelte daarvan te borg. U en u kudde sal dan blootstelling kry in so 'n DVD om dit vir u die moeite werd te maak. Koste vir die maak van die DVD’s is R52 998 (btw uitgesluit). Ons het reeds twee telers wat belangstel om te borg.

Brahman Groete.



President: Brahman Beestelersgenootskap van SA